Maar God

Beste gebedsvriende

Die volgende drie maande fokus ons meer as normaalweg op gebed vir die nasies, veral die onbereiktes. Dit doen ons saam met miljoene ander gelowiges wêreldwyd wat presies dieselfde doen. Is dit nie ontstellend dat daar 2 000 jaar nadat Jesus as Verlosser gekom het, meer as 10 000 etniese groepe en ander groeperinge van mense is wat nog nie met die evangelie bereik is nie?

Oor die volgende 3 maande gaan ons veral fokus op gebed vir Moslems en Hindoes, maar ook vir die Vervolgde Kerk.

Ons dra die boodskap van verlossing in ons harte, maar ons harte is so traag om dit met ander te deel. Mag ons in die volgende drie maande veral fokus op die onbereiktes. Laat ons nooit vergeet dat die bereiking van onbereiktes deel van die primêre taak van die kerk is nie.

Moenie teruggaan nie
Ons is aan die ander kant van die sokkerbeker, ons is deur baie stakings en rassespanning. God het ons reeds deur so baie moeilike situasies gehelp. Moenie nou gaan stilstaan nie. Te dikwels gaan ons een of twee treë vorentoe en gaan staan dan. Die oomblik as ons in die middel van die stryd stop, is die volgende tree gewoonlik een agteruit. My oortuiging is dat ons nie nou ten opsigte van gebed 'n "breek" moet vat nie. Ons moet deurbid. Ons moenie die grondgebied wat ons gewen het, nou weer prysgee nie!

Hierdie jaar was vol konferensies en stadionbyeenkomste en verskillende aksies wat daartoe bygedra het dat ons geestelik vorentoe beweeg het. Dit is nog nie klaar nie. Die grond wat ons ingeneem het, moet nou in besit geneem word, "mure" moet opgerig word, ons moet die koninkryk daarop vestig en dit as vastrapplek gebruik om die volgende tree te gee. Om terug te beweeg is nie 'n opsie nie. Volstruise en skilpaaie en verskillende ander voël- en diersoorte kan glad nie agteruit loop nie. Daar is net een pad vir hulle en dit is vorentoe. Laat dit ook vir ons as Christene so wees. Laat ons die hand aan die ploeg slaan en vorentoe kyk.

Om God alleen te vertrou om mense te beweeg
J. Oswald Sanders, eens Algemene Direkteur van *Overseas Missionary Fellowship* het eenkeer gesê*: Ek glo dit is moontlik om God alleen te vertrou om mense te beweeg.* Die probleem is egter om dit in die praktyk om te sit! Ons stem almal met hierdie wonderlike stelling saam totdat probleme opduik: probleme soos 'n gebrek aan fondse en personeel, onenigheid, spanning tussen gesinslede, demoniese weerstand, mense wat nie na vergaderings toe kom nie, min bekerings, politieke probleme, geweld, misdaad, ens.

Dit is nie ons menslike natuur om op God alleen staat te maak nie, om op Hom alleen te vertrou nie. Alles in ons weerstaan dit en rebelleer daarteen. Dikwels sê ons: "Is daar dan *niks* wat ék kan doen nie? Ek kan nie net hier sit en niks doen nie!" Hoe moeilik is dit om die Here alleen te vertrou om ons eerste en laaste Bron van hulp te wees!

Hoeveel vertrou ons op ons eie wysheid en vermoëns? Hoe dikwels vertrou ons op ons eie ervaring, vakkennis en krag, ons eie finansies en hulpbronne? Te dikwels vertrou ons op die self en probeer om die Here te help – vervang geloof met die vlees, vervang Sy almagtige krag met menslike krag en Goddelike wysheid met menslike wysheid.

Vriende, wanneer gaan ons leer om op die beloftes van God, die bloed en die kruis, die Naam van Jesus en die krag wat beskikbaar is by Sy troon van genade te vertrou? Gaan ons Hom meer vertrou as ons eie bydraes en ons eie vermoëns?

Ons moet op God alleen vertrou om mense te beweeg. As jy en ek dit begin toepas, sal ons vrug sien wat ons net in die taal van **Efesiërs 3:20** kan verduidelik. Ons sal sien dat God oneindig meer kan doen as dit wat ons kan bid of dink - ons sal die menslik onmoontlike sien. Mense *kan* beweeg word – selfs die sterkstes, die hardkoppigstes en die wreedstes, die mees goddeloses, trotses en selfsugtiges. Kom ons verstaan dit goed: mense kán verander, maar dit is God wat dit moet doen. Geen mens kan 'n ander mens verander nie. Hoeveel krag en tyd het ons nie al vermors in ons pogings om mense om ons te verander nie – dit het nie gewerk nie.

Die geheim is dat Gód mense moet aanraak. George Müller het gesê dat ons in ons vleeslike natuur niks daarvan hou om met God alleen te deel nie. As Christene skram ons weg van alleen met God wees. O, hoe vertrou ons nie ons eie wysheid, krag en vermoëns nie! Hoe twyfel ons dat God dit kan doen sonder ons hulp! Jesus het gesê: Praat met die berg. Ons sê: Kom ons help die Here om die berg uit die pad te kry.

Wanneer ons voor probleme te staan kom, moet ons weier om op onsself en op ander te vertrou, maar op die Here vertrou om in te gryp, om te help, om die probleem op te los, om te voorsien. Vra Hom. Mense kan beweeg word: deur God. Hy kan dit alleen en Self doen. Hy weet hoe. As jy bid, sal die Here hulle beweeg.

Wys is die man wat weet wanneer om te bid en die resultaat aan die Here alleen oor te laat en wat weet wanneer en hoe om te werk. Daar kom 'n tyd dat ons 'n emmer water moet vat om 'n vuur te blus, maar daar is ook kere dat ons hulp en ons pogings geen verskil gaan maak nie, dit sal eerder die werk verhinder.

Ef. 3:20
Bennie Mostert
Besturende Direkteur: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Wat, waar en wanneer: Nasionaal

7-8 September 2010: *Nasionale Gebedsnetwerke Summit*
Die jaarlikse gebedskonferensie vir leiers van verskillende Christennetwerke wat deur gebed die Here se wil vir Suid-Afrika soek. Verlede jaar het die week van gebed oor misdaad en geweld hieruit gevloei. Hierdie is 'n inligtings- en toerustingsgeleentheid, asook om kontak te maak met mense betrokke in die breër gebedsbeweging in Suid-Afrika. **Plek**: NG Kerk Moreletapark, Woodlands, Pretoria. Kontak Anneke Hanekom by *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*. Tel.: 012 365 3213 of e-pos: info@global24-7.org

24 - 27 September 2010: *Nasionale Christelike Onderwysers Byeenkoms*
Tema: Om 'n Christus-gesentreerde leier en onderwyser te wees. **Hierdie byeenkoms is vir Christen Opvoeders en skoolhoofde van** alle soorte skole en gemeenskappe. Die doel is om toe te rus, te mobiliseer, te netwerk en om Christene in Opvoeding te inspireer vir hul God-gegewe taak, om 'n impak op die volgende geslag vir God se Koninkryk te maak. **Plek**: Oranje Meisies Laerskool, Bloemfontein. Aangebied deur die ***Foundation for Cross-cultural Education*** www.fce.org.za Tel.: 023 2310208 of epos: bloeminfo@fce.org.za

27 September – 1 Oktober 2010: 9de *Watchman's School of Prayer*
Die afgelope tien jaar het 'n besondere groei getoon in die 24/7 gebedsbeweging oor die wêreld. Die doel van hierdie skool is om individue op te lei wat graag 'n 24/7 huis van gebed wil begin of reeds begin het, om kruiskulturele verhoudings te bou en om van mekaar te leer. Gedurende hierdie voltydse skool van vyf dae gaan jy gekonfronteer word met 'n dieper persoonlike wandel met God en onder andere leer om die Skrif te bid. Ons gaan tyd inruim vir aanbidding en om die Here se aangesig te soek terwyl praktiese sessies sal fokus op toerusting met betrekking tot 24/7 gebed. Dit sal onderwerpe insluit soos hoe om 'n kreatiewe gebedskamer te begin, hoe om mense vir 'n 24/7 gebedswag te mobiliseer, hoe om deur gebed na jou gemeenskap uit te reik en hoe om met gebed te volhard. Ons kan 150 mense huisves en registrasie is R980 per persoon (wat al die maaltye en huisvesting vir die hele week insluit). Registreer asseblief deur jou deposito van R500 so gou as moontlik in te betaal om jou plek te verseker. Kontak Lizette van Rooyen by tel.: 021 919 7988 of faks: 021 919 3954, webwerf: www.jwipn.com of e-pos: cape@jwipn.com

30 Oktober 2010*: Hervormings- en Herlewingskonferensie*, Bellville
Die Hervormings- en Herlewingskonferensie promoveer nuwe visie en hernude toewyding in ons persoonlike lewens, ons gesinne, ons kerke, ons land en die wêreld, en moedig mense aan om terug te kom na God, die Bybelse agenda te herontdek, die morele mure van ons gemeenskap te herbou en toegewyd te werk aan hervorming en gebed vir herlewing. Kontak: Taryn Hodgson, *Africa Christian Action*. Tel.: 021 689 4480. Webwerf: www.christianaction.org.za of www.ReformationSA.org of e-pos: info@christianaction.org.za

Wat is aanlyn

Webwerf: http://en.wikipedia.org/wiki/List_of_current_heads_of_state_and_government
Wil jy vir leiers van lande bid in jou gebedskamer of by jou kerk? Besoek die webwerf vir aktuele inligting wat jy in jou gebedskamer kan gebruik.

Webwerf: http://www.settingcaptivesfree.com/
Setting Captives Free is 'n nie-kerklike bediening wat Bybelse beginsels leer oor hoe om in en deur Jesus Christus bevryding van gewoontesondes te kry. Hulle bied opleidingskursusse aan en leer verantwoordelikheid in die stryd teen verslawing.

Webwerf: Inligting oor Islam en Moslems
http://www.answering-islam.org / http://www.morethandreams.tv / http://www.isaalmasih.net / http://www.kalimatullah.com / http://www.barnabasfund.org (Vervolgde gelowiges in Moslemkonteks)

Deurbraak

1 Miljoen Haïtiane bid: 3 000 gered!

Uit die dood en lyding wat gevolg het op Januarie se aardbewing, het 'n oplewing van bekering en genesing gevolg. Op Februarie die 12de is drie dae van gebed en vas vir die land uitgeroep. President Rene Garcia Prevel het self 'n dringende oproep op sy landgenote gedoen om te bid en een miljoen het saamgekom om aan sy oproep gehoor te gee. Dank die Here vir 3 000 bekerings by hierdie geleentheid (wat 101 voedoe priesters insluit). Kyk na hierdie fantastiese 4-minuutlange videomateriaal by:
http://www.youtube.com/watch?v=30rWm84z-zg

Aanhalings

Die kerk soek na beter metodes; God soek na beter mense. Die Heilige Gees vloei nie deur metodes nie, maar deur mense. Hy werk in en deur mense, nie masjiene nie. Hy salf nie planne nie, maar mense...mense wat bid. – E. M. Bounds.

Die Here het geen groter saak met Sy kinders vandag as dit nie: dat ten spyte van oneindig groot beloftes op gelowige gebed, daar so min is wat hulle toewy aan intersessie. – A. T. Pierson

Oral waar die kerk ontwaak het en die wêreld se boosheid openbaar is, was daar iemand wat gebid het. – A. T. Pierson

Gebed is nie 'n gerieflike instrument om ons wil op God af te dwing of Sy wil na ons wil te buig nie; dit is die voorgeskrewe manier om ons wil aan Syne te onderwerp. - John R. W. Stott

Gebed is 'n wapen, 'n magtige wapen in 'n verskriklike geveg. Ons gebede moet 'n onophoudelike, bewustelike, ernstige gevegspoging wees - die stryd teen wat ookal teen God se wil is. - P. T. Forsyth

The Word of God represents all the possibilities of God as at the disposal of true prayer. - A. T. Pierson

Wat 'n mens in die geheim op sy knieë voor God is, sal hy voor mense wees: soveel en niks meer nie. - Fred Mitchell

Moenie eers die konsert aanbied an daarna jou instrumente instel nie. Begin die dag met die Woord van God en gebed en kom eers in harmonie met Hom. – James Hudson Taylor

Dit is nie 'n geringe saak om jouself uit te giet in gebed wat geen verligting ken totdat die siel waarmee jy belas was, nuutgemaak is nie. Daarna bly dit 'n ernstige saak totdat Christus in hom gestalte gekry het. - Amy Carmichael

Ek wil liewer twintig manne oplei om te bid as duisend om te preek. 'n Prediker se hoogste doel behoort te wees om sy mense te leer bid. - H. MacGregor

Maandelikse gebedsfokusse: September - Desember 2010

Die volgende gebedsfokusse is bedoel om almal wat betrokke is by 24/7 gebedshuise aan te moedig om oor dieselfde tydperk op dieselfde gebedsonderwerpe te fokus. Hierdie is slegs riglyne en koördineerders van gebedswagte kan hulle eie fokusse hierby voeg soos die Heilige Gees hulle lei. Wil jy dit nie oorweeg **om hierdie gebedsversoeke** op kreatiewe maniere **in jou gebedskamer op te plak** of in jou stiltetyd te gebruik nie? Sê ook vir ander daarvan en moedig hulle aan om oor hierdie sake te bid gedurende elkeen van die maandelikse fokusse. Meer inligting oor hierdie sake is gratis beskikbaar op ons webwerf by: www.jwipn.com. Onthou om ook op ons weeklikse *Prayer Alert* in te skryf wat weekliks op aktuele sake fokus deur 'n e-pos te stuur aan cape@jwipn.com

Augustus/September: Ramadaan

Ramadaan is die Maand van vas vir Moslems oor die wêreld. Honderde miljoene Moslems gaan die hele maand gedurende die dag vas maar gedurende die nag eet. Deur dit te doen, voldoen hulle aan een van die vyf pilare van Islam. Oor die afgelope 18 jaar het miljoene Christene verenig in 'n spesiale gebedspoging om vir Moslems te bid om die liefde van God te ondervind soos Hy dit in en deur Jesus Christus openbaar het. Oor die afgelope 20 jaar het 'n verstommende aantal Moslems hulle tot die Christendom bekeer en Jesus Christus as Here en Verlosser aangeneem. Daar is 'n besliste toename in die aantal Moslems wat na Jesus toe kom. Baie bemoedigende verhale word vertel van dit wat die Here in Algerië, Indonesië, Egipte en die Arabiese Skiereiland doen, om maar net 'n paar te noem. Kom ons vat hande om vir alle Moslems te bid.

Oktober: Hindoeïsme oor die algemeen en in Suid-Afrika

Gedurende Oktober fokus ons spesifiek op Hindoes, wat hulle glo, hoe dit verskil van wat Christene glo en wat rondom Hindoeïsme gebeur in Suid-Afrika. Honderde miljoene menselewens oor die wêreld is verstrengel en vasgebind deur demoniese magte alhoewel hulle probeer om goeie lewens te lei en beter en beter mense te word totdat hulle op die ou end 'hemel' toe kan gaan. Hulle glo dat 'n mens terugkom om weer te kom leef as jy nie die eerste keer reg gelewe het nie. Jy kan ook jou eie navorsing by hierdie gebedsversoeke voeg, sodat bidders meer ingelig vir Hindoes kan bid en teenoor hulle kan getuig.

November: Vervolgde Kerk en Bybelvertaling

Elke jaar bid miljoene Christene regoor die wêreld saam vir die Vervolgde Kerk. Christene word in groot dele van Afrika, die Midde-Ooste, Oos-Europa, Asië en Suidoos-Asië vervolg. In die laaste tyd is daar ook 'n sigbare toename in vervolging in die 'oop' lande soos die VSA, Kanada, Wes-Europa en Latyns-Amerika. Christene word nie slegs uitgelag en bespot nie maar ook beperk om te evangeliseer en Bybelse beginsels uit te leef rakende sake soos aborsie, dieselfde gender huwelike, ens. Dit is ons verantwoordelikheid om vir ons broers en susters wat vervolg word, te bid. Elke jaar sterf minstens 160 000 Christene vir hulle geloof. Die ander fokus is op Bybelvertaling. Uit die ongeveer 6 900 wêreldtale waarvan ons weet, is daar ongeveer 2 000 oorblywende tale wat nie die Bybel of Skrifgedeeltes in hulle eie taal het nie. Om toegang te hê tot jou eie

Bybel (in oudio-formaat of gedrukte vorm) bly doodeenvoudig die mees effektiewe manier om geestelik te groei. Kom ons bid vir 'n betekenisvolle toename in Bybelvertalings binne die volgende paar jaar.

Desember: Onthou wat God in 2010 gedoen het
Gedurende Desember gaan ons op 'n paar bemoedigende dinge fokus wat God in hierdie jaar in ons land en in die wêreld gedoen het. Wanneer ons baie gebid het, is dit soos water vir die siel en olie vir die gees om te hoor van gebede wat beantwoord is.

Ramadaan 11 Augustus – 9 September 2010

Hierdie oproep tot gebed vir Moslems het oorspronklik ontstaan tydens 'n vergadering van Christenleiers in die Midde-Ooste in 1992. Verskeie gelowiges het sterk gevoel dat dit die Here se begeerte is dat soveel Christene as moontlik vir die Moslemwêreld moes bid. 'n Gebedsbeweging is beplan wat sou saamval met die vasmaand Ramadaan wat 'n volledige maansiklus volg. (In 2010 vind dit plaas vanaf 11 Augustus tot 9 September). Die bedoeling was dat hierdie "30 dae" van gebed spesifiek in die maand Ramadaan moes val om minstens twee redes: (1) vir Christene om gedurende 'n vasgestelde tyd in die jaar met Moslems te identifiseer, (2) om die Here aan te roep vir 'n Goddelike ingrype in die lewens van Moslems gedurende hierdie tyd van die jaar wanneer hulle besonder godsdienstig is. Let asseblief daarop dat ons gebede vir hulle gedurende die maand Ramadaan nie beteken dat ons konformeer met Moslemgewoontes van vas en gebed nie. As gelowiges in Jesus stem ons nie saam met Islamitiese idees, teologieë en gewoontes nie. Deur die "30 dae"- beweging beklemtoon ons God se liefde vir die Moslems. Ons moedig alle gelowiges in Christus aan om 'n gees van nederigheid, liefde, respek en diensbaarheid teenoor Moslems te openbaar. Vir meer inligting besoek asseblief *The 30-Days Prayer Network*. Webwerf: http://www.30-days.net

Getuienis uit Noord-Korea: Verrassingsklopjag openbaar 'n onverwagte gelowige

Ek was by die huis besig met Bybelstudie saam met my gesin en het nie die klop aan die deur gehoor nie. Toe die klop in 'n harde gehamer ontaard, het ek besef daar was iemand by die deur en ek het gou my Bybel weggesteek. Toe ek die deur oopmaak, het ons dorp se intimiderende burgemeester met twee amptenare die huis binnegekom. Hy het gevra: "Waarom het jy nie die deur gouer oopgemaak nie?" Hulle het begin om die hele huis deeglik te deursoek. Ek was baie bang dat hulle my Bybel sou ontdek en dat ek gevang sou word. Ek het net gebid. Toe het een van die amptenare my Bybel gekry ... maar hy het dit vinnig weggesteek en vir die ander gesê: "Hier is niks verdags nie. Kom ons gaan na die volgende huis." Die volgende dag het die man wat my Bybel gevat het teruggekom, alleen. Die oomblik toe hy in is het hy gesê: "Jy was seker gister baie verbaas. Ek is ook 'n gelowige. As gevolg van die huidige situasie in ons land, kan ek nie saam met ander gelowiges aanbid nie. Dus het ek my geloof vir myself gehou. God, die Vader, het my gister na jou huis gelei en my die geleentheid gegee om 'n gelowige te ontmoet. Ek is so dankbaar daaroor. Ek het jou Bybel teruggebring. Bid asseblief vir my in die toekoms en wees ekstra versigting hoe jy hierdie Boek hanteer." Webwerf: http://www.opendoorsusa.org/content/view/1018

Getuienis: Pappa, hou op!

'n Pastoor van 'n plaaslike gemeente het sy assistent opdrag gegee om die evangelie in 'n ou deel van die stad ('n Moslem woonbuurt) te gaan verkondig. Die oomblik toe die eerste man met wie hy gesels, hoor van Jesus, was hy baie ontsteld en het die evangelis gevra om sy huis te verlaat. 'n Ruk later het die pastoor weer vir die jong evangelis gesê om na dieselfde huis toe te gaan en weer die evangelie daar te gaan verkondig. Hy het dit gedoen en weer met die man oor Jesus gepraat. Hierdie keer het die man begin skree en vloek en gedreig om hom te slaan as hy dit sou waag om terug te kom. Toe die pastoor hoor wat gebeur het, het hy vir die evangelis gevra om nog 'n laaste keer na dieselfde man te gaan. Die evangelis het eers geweier en gesê dat die man hom beslis sou slaan en miskien selfs sou doodmaak as hy sy gesig weer daar sou wys. Maar die pastoor was vasberade en het hom weer gestuur. Op pad het hy loop en bid. Die vorige twee keer het hy gebid dat God die harte van die mense met wie hy sou praat, moes oopmaak. Hierdie keer het hy gebid dat die Here hom moes beskerm. Hy het vir sy lewe gevrees.

Toe hy daar kom, het 'n vyfjaaroue dogtertjie by die hek gesit en speel. Hy het haar van die Here vertel, van die skepping en van Jesus Christus wat die Verlosser is. Na 'n rukkie het die pa agtergekom wat aan die gang was. Hy het met 'n stok by die huis uitgestorm om die evangelis te slaan. Net toe hy hom wou slaan, het die dogtertjie geroep: "Pappa, hou op! Moet hom nie slaan nie. Pa moet luister wat hy sê en van nou af elke Sondag kerk toe gaan." Die pa het die stok laat val en begin huil. Sy dogtertjie was haar hele lewe deur doofstom en Jesus Christus het haar wonderbaarlik genees. Die evangelis het nie van haar toestand geweet nie. Hy was net gehoorsaam aan die opdrag om die evangelie aan die verlorenes te verkondig, al sou dit beteken dat hy geslaan en dalk doodgemaak word. Die hele gesin van sewe het tot geloof in Jesus gekom.
Webwerf: http://www.pioneers.org/Connect/Media/MediaArchive/tabid/149/PostID/107/Papa-Stop.aspx

Fokus oor hoe om vir rampgeteisterde gebiede van die wêreld te bid

As 'n mens dit nog nie self beleef het nie, is dit bykans onmoontlik om jou voor te stel wat in die harte en gedagtes van mense aangaan wat skielik 'n natuurramp beleef. Natuurrampe oor die wêreld kom meer dikwels voor as ooit tevore. Hoe bid ons oor rampe en die slagoffers daarvan? Rampe kan kritieke geestelike keerpunte vir mense wees. Sommige mag na die Here toe draai terwyl ander heeltemal van Hom af mag wegdraai en dit is waarom ons met groot erns vir sulke situasies moet bid. Hier volg 'n paar riglyne oor hoe om te bid vir slagoffers van natuurrampe soos oorstromings, brande, aardbewings, grondstortings, tsoenami's, ens.

Mans wat bid: Hoe lyk 'n geestelik verantwoordelike man?

Dit was C.S. Lewis wat gesê het: "Daar is geen probleem met die *Statue of Liberty* aan die Ooskus van die VSA nie, solank daar net 'n *Statue of Responsibility* aan die Weskus van die VSA ook is." Ons wil almal graag in alle voordele wat beskikbaar is deel en vryheid geniet. Dit is wonderlik om te ontvang en bedien te word en goeie diens te kry. Dit is egter nie altyd so 'n wonderlike gedagte dat ek op my beurt weer die verantwoordelikheid het om so te leef dat ek dié dinge wat ek vir myself gun, ook deur my lewe en optrede vir ander moet gun en moontlik maak nie.

Dit is interessant dat daar baie tale in die wêreld is wat nie 'n woord vir die konsep van verantwoordelikheid het nie. Baie kulture en verskeie godsdienste werk nie met die konsep van verantwoordelikheid nie of dit is baie swak ontwikkel.

Hierdie begrip van verantwoordelikheid word deur die Skrif na elke gelowige oorgedra: God maak ons Sy verteenwoordigers op aarde (**Gen.1:27-28; 2:15, Heb.2**) en gee vir ons baie spesifieke opdragte. Hy gee vir ons opdragte en daardie opdragte vra dat ons verantwoordelikheid moet neem.

Om verantwoordelikheid te neem, kos my altyd iets. Dit gaan my tyd vra. Dit gaan vra dat ek my tyd en geld en arbeid sal gee om die lewe vir ander beter te maak. Dit sal vra dat ek tyd sal moet maak om vir ander te bid en nie net vir my eie behoeftes nie. Dit vra dat ek myself moet kruisig en ander se belange bo myne moet stel.

Hoe lyk 'n Christenman wat verantwoordelikheid neem?

Daniël was 'n man wat vanuit sy posisie in die regering geestelike verantwoordelikheid geneem het vir die situasie in sy land en met sy lewe van integriteit, gesag en respek afgedwing het. Deur gebed het hy verantwoordelikheid geneem vir die toekoms van die Joodse volk. 'n Studie van die boek Daniël maak dit duidelik dat sy gebede met Jesus se woorde: "Laat U koninkryk kom", opgesom kan word. *Samuel* het vir die volk verantwoordelikheid geneem deur te sê dat hy nie teen die Here sal sondig deur op te hou om vir die volk te bid nie (**1 Sam.12:23**). *Josua* was 'n man wat verantwoordelikheid vir sy gesin geneem het en seker gemaak het dat sy hele huis die Here dien (**Jos.24:15**). *Boas* het vir sy familie en sosiale verpligtinge verantwoordelikheid geneem deur met Rut te trou en so God se opdrag uitgevoer (**Rut 3:13**).

- 'n Man wat verantwoordelikheid neem, is iemand wat vir sy gesin sorg en vir wie sy gesin 'n prioriteit is.
- God maak die man vir sy vrou verantwoordelik: om haar lief te hê, om haar te versorg, om leiding te verskaf, om haar te beskerm, om te sorg dat sy tot haar volle menswees sal ontwikkel.
- God maak die man as 'n vader vir sy kinders verantwoordelik: om hulle te versorg en te beskerm, om vir hulle liefde en leiding te gee, om hulle te leer en te dissiplineer, om beskikbaar te wees en hulle op te voed dat sy kinders 'n "geestelike nageslag" sal wees (**Mal.2:15; Ef.6:4**).
- 'n Man wat verantwoordelikheid neem, is 'n man wat sy rol as priester vir sy gesin ernstig opneem deur in gebed voor God te staan vir sy gesin.
- 'n Man wat verantwoordelikheid neem is 'n man wat as priester voor God staan om te bid vir die nood van die wêreld rondom hom: die armes, verontregtes, die politieke situasie in die land, die redding van ongereddes.
- 'n Man wat verantwoordelikheid neem, is 'n man wat met integriteit die beginsels van die Skrif teenoor die wêreld en in die wêreld uitleef. Dit is 'n man wat nie onreg verdra of onreg pleeg nie.
- 'n Man wat verantwoordelikheid neem, is 'n man wat vir sy eie foute en sonde verantwoordelikheid neem. Hy bely sy sonde en laat dit staan. Hy erken sy foute en maak dit reg. Hy vra vergifnis vir wat hy verkeerd gedoen het en vergewe wanneer ander hom te na gekom het.
- 'n Man wat verantwoordelikheid neem, is 'n man wat tyd maak om die stem van God te hoor sodat hy kan hoor wat God van hom verwag en wanneer hy gehoor het, uitgaan en die wil van God gaan doen.
- 'n Man wat verantwoordelikheid neem, is iemand wat praat en optree wanneer die reg van armes, weeskinders en hulle wat geen mag het nie, aangetas word.
- 'n Man wat verantwoordelikheid neem, is 'n man wat nie beïndruk is met menslike eer en erkenning nie, wat nie die goedkeuring en lof van die wêreld soek nie; wat weet dat hy die geringste van alle gelowiges is en die grootste van alle sondaars. (**Ef. 3:8; 1 Tim.1:15-16**) 'n Man vir wie die eer van mense, titels, posisie, geleerdheid en populariteit nie opweeg teen die opdrag om die werk van God in die krag van God te doen nie.

Nasionale fokus: Hoe om te bid vir 'n land in 'n krisis

Deur Floyd McClung (artikel verkort)

Wanneer 'n land in 'n krisis is, kan ons óf sien wat die Here vir die land sien en ons harte en gedagtes op Hom instel óf ons kan oorweldig word deur die omstandighede en toelaat dat ergernis en sinisme beheer oor ons harte neem. Ons kan sien wat God sien en geloof hê of ons kan boosheid en tragedie sien sonder onderskeiding – en geloof verloor. Daar is geen grys area vir die hart van 'n Christen nie.

Gedurende hierdie jaar het Suid-Afrika 'n hele paar ernstige krisisse beleef. Daar is groot kommer dat die rasseverdeeldheid in Suid-Afrika sal verdiep. Almal is bewus daarvan dat as die land in dieselfde rigting as Zimbabwe gaan, Suid-Afrika in ekonomiese verval en rassekonflik gedompel sal word. Daar is vrese dat 'n burgeroorlog mag uitbreek.

Hoe reageer ons op so 'n krisis? Kies ons kant en laat toe dat die verdeeldheid in ons harte verdiep. Het die Woord van die Here enigiets relevants te sê oor so 'n krisis?

Die profeet Daniël in die Bybel was 'n tiener toe hy gevange geneem is deur die invallende Babiloniese magte. Daniël is as 'n sestienjarige weggeruk uit sy gesin en alles wat aan hom bekend was. Hy is verban en gedwing om as slaaf te werk vir die mees wrede en bose man op die aarde. Daniël was omring deur demoniese godsdienste, heidense afgodediens en paleisintriges en nogtans het hy sy geloof in God behou – en hy het 'n politieke leier van groot invloed geword.

Daar is geen ander boek in die Bybel wat op so 'n unieke wyse vir ons onthul hoe die bestemming van volkere bepaal word deur die keuses van gewone mense nie. Ons sien een man bid en die nasie verander. Ons lees die verhaal en ons sien hoe aan 'n jong man die rol van raadgewer vir konings gegee word. Ons verkry insae in die troonkamer van God as die gordyne van die hemel oopgetrek word. Ons sien hoe God sy mense

oordeel en heersers en koninkryke omvergooi om Sy geheime doelwitte te bereik.

Daar is net een profetiese boodskap in die boek van Daniël: koninkryke kom en koninkryke gaan, maar God se koninkryk bly vir ewig! Die boodskap van Daniël is bedoel om mense te inspireer om te onderskei wat die Here se plan vir 'n volk is en om dan hulle lewens in lyn te kry met dit wat op Sy hart is, met Sy doelwitte. Ons leer uit die boek van Daniël dat die Here regeer oor die belange van volkere en dit is Hy wat heersers toelaat en gebruik vir Sy doelstellings. Ons leer dat ons nie paniekbevange hoef te raak en moedeloos hoef te word nie – God is aan die werk.

Dit is belangrik dat Christene vandag die boodskap van Daniël verstaan: As hulle dit nie verstaan nie, het hulle net 'n menslike perspektief wat vermeng is met politieke standpunte en etniese oorwegings. Die boek van Daniël is nie in die Bybel vir ons om te spekuleer oor die toekoms nie, maar om die Here se planne vir vandag, asook vir die toekoms te verstaan.

Die twee kragtigste gedeeltes in die boek is die gebede van Daniël. Uit hierdie gebede in hoofstukke twee (verse 20-23) en nege (verse 3-19) leer ons hoe om te bid vir 'n volk tydens 'n krisis.

Hoe om tydens 'n krisis te bid:

1. Fokus op God se karakter. Erken die Here se goedheid, Sy grootheid en dat Hy op die ou end in beheer is (**Daniël 2:20-22** en **9:4,7,9**). Weier om meer beïndruk te wees met sonde of met bose mense of heersers as met God se grootheid en goedheid. Geloof vir 'n nasie in 'n krisistyd kom deur beïndruk te wees met God en nie deur omstandighede nie.
2. Dank die Here vir dit wat Hy vir jou in die verlede gewys het toe jy vir jou land gebid het (**Daniël 2:23, 9:3**). As jy nie met vas en gebrokenheid en nederigheid vir jou land gebid het nie, vra die Here om vergifnis.
3. Verklaar aan die Here in geloof dat Hy konings en presidente aanstel en dat Hy konings en presidente afsit (**Daniël 2:21**). Daniël het geglo dat sy eie koning in Jerusalem afgesit is en dat die koning van Babilon opgerig is om die volk van Israel te oordeel. Die Here vernietig regerings as hulle nie regverdig regeer nie. Die Here gebruik slegte nasies om oordeel oor Sy volk te bring.
4. Bely die sondes van jou volk met nederigheid. Noem die sondes by die naam. Daniël identifiseer met die sondes van sy eie volk en bely die sondes van die volk asof dit sy eie is. Wanneer hy bid sê hy: "Ons het gesondig" (**Daniël 9:3-6, 9, 13**).
5. Erken dat die oordeel van die Here oor Sy volk regverdig is as gevolg van hulle sondes (**Daniël 9:11-15**).
6. Roep tot die Here om genade en vergifnis. Daniël het geglo daar was slegs een hoop vir die volk en dit was die genade van die Here. Hy het 'n beroep op die Here gedoen om genadig te wees (**Daniël 9:4,9,18-19**).
7. Bid ter wille van die Here, ter wille van Sy heerlikheid. As jy bid, wees meer besorgd oor die Here se eer as oor die mense vir wie jy bid of oor jouself. Ons gebede is te dikwels gegrond op dit wat ons wil hê en hoe ons voel; ons gebede raak self-gesentreerd (**Daniël 9:18-19**).

Bid vir mense van ander gelowe

Gedurende Oktober is ons gebedsfokus op die Hindoegeloof. Ons vra die Here om ons harte oop te maak en in te tree vir die redding van Hindoes sodat nie een verlore sal gaan nie (**2 Pet.3:9**). Daar is aspekte van die Hindoe-geloof wat baie soos die Christelike geloof klink, maar dit is beslis nie dieselfde nie. Die Christelike geloof is die enigste geloof waar een Persoon gekom het en Sy lewe gegee het sodat ons almal daardeur die ewige lewe as VRYE geskenk kan ontvang. Die meeste godsdienste vereis dat mense die gode sal paai en goeie werke gedoen moet word om mag, geld, guns en saligheid te verkry.

Bid *dat God jou die gawe van voorbidding en empatie sal gee om spesifiek vir die Hindoes in Suid-Afrika te bid. Vra dat die kerk pertinent bewus sal word van die dringendheid van die tye en seisoene en dat vele sal uitgaan in die oesland van die wêreld en hulle lewens in belang van die koninkryk sal gee vir dié wat in duisternis lewe.*

HET JY GEWEET – Kerk in Indië

Die *Evangelical Church of India* het meer as 3 400 kerke en 13 Bybelskole in verskeie dele van Indië en hulle doel is om 10 000 gemeentes en 100 000 huiskerke te plant. Elke dag draai honderde na Jesus! Bishop Dr. M Ezra Sargunam, *Evangelical Church of India*, Nr 1, Second Street, Ormes Road, Kilpauk, Chennai, India 600010. E-pos: ecindia@vsnl.com

Vroue wat bid: Leer jou kind om te bid en God die Vader te leer ken

Kinders is gemotiveerd om oor die dinge te bid wat hulle na aan die hart lê – vriende, familie, onderwysers, selfs troeteldiere. Ons glimlag dikwels oor die onskuld van hulle gebede, party soms taamlik ongodsdienstig, maar dit is soos ons wil hê hulle moet bid: eenvoudig en eerlik. Soos hulle leer om na hulle hemelse Vader te gaan met hulle daaglikse probleme en behoeftes (en sien hoe dit beantwoord word), leer kinders om op Hom te vertrou dat Hy die Een is wat hulle en hulle geliefdes se probleme kan oplos. Hulle leer om na Hom op te sien om vir hulle te sorg en hulle te beskerm.

Kinders bid ook nie net oor persoonlike probleme nie. Kinders so oud soos drie en vier jaar kan sensitief wees vir armoede, honger, misdaad en egskeiding. Gememoriseerde gebede het ook hulle plek om ons kinders se gebedslewens te bou. Die Onse Vader is 'n Bybelse raamwerk wat kinders aan gebedsonderwerpe blootstel waaraan hulle nooit andersins sou dink nie. Kinders moet weet dat die Naam van die Here 'n sterk vesting is, dat hulle daarin skuiling kan vind (**Spr.18:10**). Deur hierdie teksverse te bid, kan hulle die gevoel van magteloosheid (baie algemeen by kinders) omkeer in die vertroue dat al is hulle klein, hulle kragtige gebede kan bid in Jesus se Naam en dat Hy sal hulle sal help.

Dit is egter uiters belangrik om ten grondslag van al hierdie gebede, Jesus as sy/haar persoonlike Redder aan jou kind voor te stel. Verduidelik dit by elke geleentheid van kleins af aan hulle, totdat daar 'n dag kom dat die kind uit sy eie gereed is om Jesus in sy/haar lewe te nooi. (Sien nr. 5 en 6 hieronder).

Hier is nog 'n paar praktiese idees om jou te help om jou kind te leer bid, ongeag hoe oud (of hoe jonk) jou kinders is:

1. **Nooi jou kinders saam wanneer jy bid.** As hulle sien hoe jy jou hart op 'n eerlike, pretensielose manier teenoor die Here uitstort, sal dit hulle aanmoedig om dieselfde te doen. Hulle sal mettertyd agterkom dat jy Hom persoonlik ken en dat Hy jou gered en skoongewas het met Sy bloed. Wat gaan 'n kind leer as hy jou gebedslewe dophou?
2. **Skep 'n tyd vir gesinsgebed.** Dit kan 'n verlengde gebedstyd tydens maaltye wees, of met slaaptyd, of 'n spesiale weeklikse gebedstyd. Op die manier leer kinders om te bid deur te luister, te kyk en deel te neem.
3. **Laat kinders toe om deel te wees van gesamentlike gebedstye by julle gemeente**. Kinders het nodig om mense van alle ouderdomsgroepe met God te hoor praat – en ook om te hoor van die antwoorde op hulle gebede.
4. **Gee kinders visuele hulpmiddels om hulle gebede te motiveer** vir dinge buite hulle eie lewenservaring en verhoudings. Prente (soos tydskrifprente en prente van kinders in nood oral oor die wêreld) sal vir hulle die ware nood in die wêreld wys en die soort emosionele reaksie ontlok wat nodig is om uit die hart te bid. Vra terselfdertyd vir Sy leiding dat jou kind nie verskrik word deur lyding en 'n geestelike knou kry nie.
5. **Help kinders om hulle hemelse Vader persoonlik te leer ken.** Dit is die belangrikste van alles. Hulle het nodig om te besef dat gebed 'n verhouding is, nie 'n godsdienstige aktiwiteit nie, en ook nie 'n "towerformule" nie. Dit is belangrik vir kinders om te verstaan dat hulle tot hulle liefdevolle hemelse Vader bid in die Naam van Jesus Christus. Leer hulle wat God se karakter is en dit sal geloof in hulle harte laat toeneem.
6. Sodra jou kind gereed is, **lei hom of haar in gebed om Jesus Christus as Here en Verlosser** aan te neem. Dit is per slot van sake die belangrikste gebed wat hy of sy ooit sal bid!

Verkorte artikel: Cheryl Sacks, *Purpose Driven Life*, webwerf: www.purposedriven.com

Basiese Christenwees: Die sonde waaroor niemand praat nie - Jaloesie

Dit is die titel van 'n boek deur R T Kendall. Die inhoud van hierdie artikel kom grootliks uit die boek uit. Ek beveel sterk aan dat jy hierdie uitstekende boek lees. Jaloesie is 'n versteekte sonde. Ons praat nie daaroor nie. Gewoonlik herken ons dit in ons harte, maar dit is te erg om te erken. Jaloesie kom orals voor: in sakeondernemings, in die politiek, in sport, tussen skrywers en leraars en filmsterre, tussen broers en susters en in die akademiese wêreld. Jaloesie het baie gesigte, kritiseer ander en praat negatief oor ander. Dit is altyd besig om ons met ander te vergelyk, dit worstel met gevoelens van verwerping, dit smag na erkenning. Dit probeer om jouself te bewys en vind dit moeilik en dikwels onmoontlik om eerlike komplimente te gee. Dit is baie moeilik om oor die sukses van ander bly te wees. Inteendeel, ons is kwaad daaroor. Dit soek altyd na aanvaarding en lof. Dis altyd besig om te kompeteer. Ander kenmerke is hebsug, woede en frustrasie, wrokke, bitterheid, onvergewensgesindheid, selfsug, trots en swier. Dit wil altyd meer hê. Dit kan die foute van ander baie duidelik raaksien. Jaloesie is nooit vaag nie. Dit is baie persoonlik. Dit is altyd gemik op iemand.

Hoe kan ek jaloesie in my lewe oorwin? Jaloesie is altyd gewortel in 'n gevoel van onbelangrikheid, van nie goed genoeg wees nie, gevoelens van verwerping en emosionele pyn. Al hierdie dinge veroorsaak woede en hebsug in ons harte en manifesteer op verskillende wyses in ons lewens, soos onder andere jaloesie. Die weg tot bevryding van jaloesie, is om te verstaan dat dit belangriker is om liefgehê te word as om lief te hê. Ons moet verstaan dat God ons liefhet. Hy het my onvoorwaardelik lief. Hy het my lief ten spyte van wie ek is. Hy het my so lief dat Hy gewillig was om Sy Seun te gee om vir my te sterf. God se liefde maak my belangrik.

Om meer te besit en beter te wees as iemand anders mag bevredig, maar daar sal áltyd iemand wees wat meer het as ek, of wat dinge kan doen wat ek nie kan doen nie of dit beter kan doen. Dan veroorsaak dit weer opnuut woede wat tot meer jaloesie kan lei en gevoelens van mislukking en pyn veroorsaak. So kring dit uit en veroorsaak baie skade aan verhoudings.

Om te verstaan, te wéét en te beléét dat God ons onvoorwaardelik liefhet, vernietig alle vorme van verwerping, genees emosionele pyn, maak my belangrik, stel my vry om myself te wees. Ek vind nie meer my eiebelang daarin dat ek beter is of meer as ander besit nie, maar in dit wat vir my gedoen is. Jesus het vir my gesterf. Om jaloesie te oorwin, sal my vry maak. Dit sal my help om die lewe en ander mense te geniet en bevredigende, kosbare verhoudings te hê. Dit sal my vrymaak om my roeping uit te leef en my verhouding met God te geniet. R.T. Kendall stel 'n hele paar maniere voor oor hoe om jaloesie in ons lewens te oorwin.

1. Erken dit teenoor jouself. As jy dit nie erken nie, kan die proses van bevryding nie begin nie.
2. Bely dit teenoor die Here as 'n sonde en vra Sy vergifnis.
3. Beoefen totale vergifnis. In die meeste gevalle van jaloesie is daar 'n paar mense wat ons seergemaak het en wat ons moet vergewe. Vra die Heilige Gees om vir jou enige vorm van onvergewensgesindheid uit te wys en die spesifieke mense wat jy moet vergewe. Bid en sê vir die Here jy vergewe hulle. Waar moontlik gaan na die persone wat die pyn veroorsaak het of iets verkeerd gedoen het en sê dat jy hulle vergewe.
4. Maak 'n voortdurende keuse om die Here se goedkeuring te soek bo die aanvaarding en komplimente van mense.
5. Dink aan jou beloning by die regterstoel van Christus. Jou ware beloning is nie wat jy van die mense rondom jou ontvang of nie ontvang nie.
6. Aanvaar jou roeping.
7. Aanvaar jou erfenis.
8. Laat die Here jou verdedig.
9. Rig jou gedagtes in die hemel en nie op die dinge op die aarde nie.
10. Wees dankbaar.
11. Neem 'n besluit om die Here te prys – prys Hom net. Dink net hoe baie jy het waarvoor jy God kan prys.

Ten slotte: Onthou jy is kosbaar, jy is uniek, jy het 'n plek om vol te staan – jy besit as kind van God die ewige lewe. Waarom sal jy rondkyk en ander se lewens en goed beny? Jy het alles wat jy nodig het, want jy behoort aan God wat alles besit.

Fokus op die Vervolgde Kerk

Gedurende November fokus ons deur gebed op die Vervolgde Kerk, veral op lande waar Christene vervolg word. Elke jaar stel Geopende Deure nuwe inligting vry oor lande wat Christene vervolg. Die *World Watch List (WWL)* is 'n ranglys van 50 lande waar vervolging van Christene vir hulle geloof die ergste is. Hierdie lys publiseer inligting oor die vervolging van Christene in alle denominasies oor die hele wêreld. Die fokus is op vervolging vir geloof, nie vervolging om politieke, ekonomiese, sosiale, etniese of toevallige redes nie. Ons gaan hierdie maand deur sommige hiervan bid. Dink asseblief daaraan om die hele lys af te laai en in 'n gebedskamer vir November op te sit. Kom ons roep eendragtig uit na die Here ter wille van hulle wat nie in hulle eie lande 'n stem het nie. Hierdie jaar is die top 10 lande waar Christene vervolg word, die volgende: (1) Noord-Korea, (2) Iran, (3) Saoedi-Arabië, (4) Somalië, (5) Maledive, (6) Afghanistan, (7) Jemen, (8) Mauritanië, (9) Laos, (10) Oesbekistan.

Fokus op Bybelvertaling

Gedurende November fokus ons ook op gebed vir die bespoediging van Bybelvertalings reg-oor die wêreld, veral vir tale in geslote lande. Marteling van Christene is so oud soos die kerk self. Jy weet dalk bv. nie dat ongeveer 165 000 gelowiges jaarliks vir hulle geloof gemartel word nie. (Bron: *World Christian Encyclopaedia*).

Gebedsfokus op die Kerk: Hoe om vir jou pastoor/dominee te bid

In **Romeine 15:30-31** skryf Paulus*: Ek versoek julle dan dringend … Stry saam met my deur vir my te bid dat God my veilig mag hou ... en dat my hulp aan Jerusalem aanvaarbaar mag wees vir die gelowiges daar.* Elke gemeenteleier het daagliks konstante gebed nodig. Geestelike leiers is op die voorste linie ontplooi en leef onder groot geestelike druk en aanvalle van die bose. Deur gebed vorm ons 'n 'gebedskild' wat ons geestelike leiers omring.

Die aanslag teen geestelike leiers kom op baie maniere. Hier is 'n paar voorbeelde:

1. Daar is direkte demoniese aanvalle teen geestelike leiers en hulle gesinne bv. deur sataniste, spiritiste, toordokters, ens.
2. Daar is aanvalle van 'n wêreldse gesindheid sowel as sosiale druk om te kompromitteer, gewild te wees en volgens die wêreld se sisteem te leef.
3. Daar is die aanval van die sondige natuur, die vlees wat die Gees weerstaan (**Gal.5:13-18**).
4. Daar is direkte versoekings en sonde wat elke geestelike werker moet weerstaan.
5. Geestelike werkers oor die algemeen ervaar baie stres, emosioneel sowel as sosiaal.
6. Elke geestelike werker het 'n eie persoonlikheid en kom uit 'n bepaalde agtergrond. Baie worstel met hulle eie emosionele pyn en seer van die verlede. Die vyand hou daarvan om pyn van die verlede wat nie hanteer is nie, in geestelike leiers se lewens te gebruik.
7. Geestelike leiers word dikwels in die versoeking gestel om met mede-geestelike leiers se sukses te kompeteer en na hulle eie eer te soek.

Om te bid vir jou pastoor of dominee beteken letterlik om in die bres te tree vir hulle, om geestelike verantwoordelikheid vir hulle deur gebed te neem, om sensitief te wees vir die stem van die Heilige Gees. Moenie jou eie wil en idees afbid op jou geestelike leiers nie. Laat die Heilige Gees jou lei. Die volgende is 'n paar riglyne:

1. **Gesinne:** Bid vir huwelike, vir vrede, respek en genoeg tyd met mekaar. Bid vir die kinders, dat hulle genoeg liefde en aandag sal ontvang. Vra vir wysheid vir ouers met die grootmaak van hulle kinders. Bid veral vir vertroue en 'n goeie verhouding tussen pa en seun, en pa en dogter. Vra dat jou leiers so sal leef dat hulle nie hulle kinders sal frustreer sodat hulle opstandig word teen God nie. Bid dat geestelike werk nie 'n afgod word wat kinders teësinnig teenoor die Woord sal maak nie.

2. **Hulle gesondheid:** *Liewe vriend, ek hoop dat jy gesond is* (**3 Joh.1:2**). Die klimaat, aanvalle van die bose, werksomstandighede, voortdurende kritiek, min sigbare vordering, misverstande, ens. is almal faktore wat mag saamwerk om 'n kleed van stres, depressie, moegheid en hulpeloosheid oor leraars te gooi. *"Vrede laat Ek vir julle na; My vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie* (**Joh.14:27**). Bid vir onderskeiding tussen waarheid en leuen wanneer beskuldigings gemaak word. Bid dat valse beskuldigings nie aanvaar sal word nie (**Sag.7:10b**). Bid vir hulle vir vriende wat ook geestelike vennote kan wees en dat die Here hulle met blydskap sal vul (**Neh.8:10, Deut.12:18**), ten spyte van omstandighede.
3. **Hulle geestelike welstand.** Bid dat hulle nederig sal wees, rein en heilige lewens sal lei en nie krities of sinies sal raak nie. *Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het Sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word* (**Fil.2:5-7**).
4. **Om te bedien met krag.** Bid dat God Self hulle sal toerus vir die werk wat Hy hulle gegee het. Bid vir die vervulling met die Heilige Gees sodat hulle hulle werk effektief kan doen. Bid ook dat die Heilige Gees God se Woord vir hulle sal oopbreek sodat hulle dit reg sal interpreteer en die vermoë sal hê om dit aan ander oor te dra. Vra vir hulle wysheid en groot geduld om moeilike situasies en om moeilike mense te hanteer. Ook dat hulle die wil van God in elke situasie sal verstaan. Bid dat hulle groot vrymoedigheid sal hê om die Woord van God te verkondig (**Ef.6:19-20**).
5. **Vir hulle finansies.** Bid vir hulle finansiële ondersteuning. Dikwels lei leraars finansiële gebrek wat druk op hulle plaas om ander werk te soek om vir hulle gesinne te sorg. (Kinders van geestelike leiers kan bv. a.g.v. finansies dikwels nie verder studeer nie.) Bid ook vir die beskerming van hulle aardse besittings, veral teen diefstal en ongelukke.

Het jy geweet?

Suster Rani se moordenaar sê nou: "Christene is Indië se hoop"

Samandar Singh het in 1995 'n non vermoor en het 11 jaar tronkstraf gekry. Daar het hy begin planne maak om wraak te neem teen die man wat hom gedwing het om die moord te pleeg. Toe ontvang hy besoek van die vermoorde non se eie suster. Sy het hom omhels en hom broer genoem. Hy was diep geraak. Hy het sy planne laat vaar om wraak te neem en besef hoeveel pyn die moord veroorsaak het. Eindelik is Samandar ontslaan na 'n petisie wat geteken is deur Suster Rani se familie. Toe sy ontslag te stadig na wense verloop, het 'n afvaardiging die plaaslike burgemeester besoek en sy saak bepleit. "Dis net julle Christene wat regtig kan vergewe," het die burgemeester gesê. "Julle is 'n wonderlike voorbeeld. Gaan gerus, ek sal doen wat ek kan om hom ontslaan te kry." Webwerf: http://www.asianews.it/news-en/Sister-Rani%E2%80%99s-murderer-now-says,-%E2%80%9CChristians-are-India%E2%80%99s-hope%E2%80%9D-18193.html

Tieners wat bid: Hoe bid ek vir myself?

1. Here Jesus gee vir my 'n begeerte om die Bybel te lees en gee vir my die Heilige Gees se wysheid en openbaring om my te help om die Woord te verstaan (**Ef.1:17**).
2. Here Jesus, maak my 'n visser van mense (**Matt.4:19**) en 'n dissipelmaker.
3. Here Jesus, maak my vreesloos vir mense en gee vir my vrymoedigheid om U getuie te wees orals waar ek kom (**Hand.20:24**).
4. Here Jesus, ek bid vir my generasie jongmense wat soek en vrae vra en ook vol seerkry en verwerping is (**Jes.42:3**). Ek bid dat U uself aan hulle bekend sal maak as die Een wat red en heelmaak (**Matt.11:27**).
5. Here Jesus, die media stel die seksuele op soveel verkeerde maniere voor en probeer ons daarvan oortuig. Help my om te onderskei en om te verstaan wat U heilige doel met hierdie deel van ons lewens is en dat ons rein sal lewe. Bevry my van elke verkeerde en on-Bybelse gedagte hieroor en van verslawing aan pornografie (**1 Tess.4:3**). Help my om hulp te vra wanneer ek nie oorwinning oor laasgenoemde kan kry nie.

6. Here Jesus, vul my met u Heilige Gees en gee vir my die geestelike krag sodat ek in oorwinning oor sonde kan lewe, U getuie kan wees en sodat ek die werk kan doen wat U vir my gee om te doen (**Ef.3:19**).
7. Here Jesus, help my om die dinge in my lewe wat nie in lyn met die Skrif is nie, ráák te sien. Wys ook vir my wat ek moet doen om dit reg te stel en presies hoe U wil hê dat ek moet lewe (**Open.2:5**).
8. Here Jesus, help my om die nood van ander mense rondom my raak te sien. Ek wil nie 'n selfsugtige lewe leef nie. Ek vra dat die Heilige Gees vir my sal wys wat ek aan die nood van mense rondom my moet doen (**Jak.1:27**).
9. Here Jesus, my lewe lê oop voor my. Ek wil graag die beste daarvan maak. U weet wat die beste pad is, want U het my gemaak en ek weet U het 'n plan vir my lewe. Ek stel myself oop dat U vir my kan wys en ek maak 'n keuse om daardie pad te loop (**Jer.29:11**).
10. Here Jesus, ek vra dat U die lewensmaat wat U vir my gemaak het, op die regte tyd na my sal bring. Beskerm hom/haar van onreinheid en seerkry en alles wat negatief en afbrekend is, sodat wanneer ons trou, ons vreugde in mekaar sal vind en dat die huwelik 'n getuienis vir ander sal wees en U sal eer (**Heb.13:4**).

Internasionale fokus: Hoe om te bid wanneer rampe tref

Ons kan nie natuurrampe beheer of voorkom nie. Ons kan ons daarop voorberei, maar ons kan dit nie voorkom nie; ons kan dit verwag, maar ons kan dit nie korrek voorspel nie. Daar is verskeie gevalle van aardbewings, storms, ens. in die Bybel waar nasies óf na Hom óf weg van Hom gedraai het. Verskeie aardbewings het die bewoners van die aarde sedert Januarie 2010 getref. Hoe en wat bid ons as 'n ramp ons tref? Die volgende is 'n paar gedagtes oor rampe wat dikwels oor die wêreld voorkom. Kom ons bid vir die Here se genade oor die nasies van die aarde, terwyl die aarde gespanne daarna uitsien dat God bekend sal maak wie Sy kinders is en uitsien na die wederkoms van ons Bruidegom, Jesus Christus!

Natuurrampe word oor die algemeen in verskillende kategorieë verdeel:
Grondverskuiwings (modderstortings, aardbewings, lahar-stortings, vulkaniese uitbarstings), waterrampe (oorstromings, limniese uitbarstings, tsoenami's), weerrampe (sneeustorms, sikloniese storms, droogtes, haalstorms, hittegolwe, tornado's), vuurrampe, gesondheid en siektes (epidemies, hongersnode), ruimte (gammastrale, meteoorinslag, sonvlamme, supernovas (sterontploffings) en hipernovas (sterineenstortings).

1. **Orkane:** Orkane (Atlantiese en oostelike Stille Oseaan), tropiese siklone (Indiese Oseaan) en tifone (westelike Stille Oseaan) is verskillende name vir dieselfde verskynsel: 'n Sikloniese stormsisteem wat oor die oseane vorm. *Bid vir Christene wat op verskillende weerstasies werk om God se stem duidelik te hoor ten einde mense vooruit te waarsku. Bid vir mense wat verantwoordelikheid vir gebed in elke nasie op die aarde ten tye van rampe kan neem.*
2. **Aardbewings:** 'n Aardbewing is die resultaat van 'n skielike vrystelling van energie in die aardkors wat seismiese golwe veroorsaak. Die krag van 'n aardbewing word gewoonlik gemeet op die Richterskaal. Met 'n meting van 3 of minder is aardbewings gewoonlik onwaarneembaar en 'n meting van 7 kan ernstige skade oor groot gebiede veroorsaak. *Hou aan om te bid vir verskeie lande wat hierdie jaar getref of beïnvloed is deur aardbewings. Bid dat die kerk wêreldwyd hulle verantwoordelikheid sal opneem om hulle wat in nood is te help, te versorg en op te lei. Vra ook die Here se genade vir mense tydens 'n aardbewing, dat getuienisse van Sy genade en beskerming 'n groot impak op die gelowiges sal hê.*
3. **Tornado's**: Tornado's is kragtige, draaiende lugkolomme wat teen geweldige hoë spoed beweeg. Tornado's kan een-een of in rukwindstroke voorkom. *Bid asseblief die Here se genade oor gesaaides, lewende hawe en woongebiede. Vra dat Christene tot die Here sal roep tydens so 'n krisis en getuienisse sal hê van die Here se antwoorde wat baie ander na die Here sal lei.*
4. **Vulkaniese uitbarstings:** 'n Vulkaniese uitbarsting is die spits waar 'n vulkaan aktief word en lawa en giftige gasse die lug inskiet. Sommige uitbarstings vorm pyroklastiese strome van as- en stoomwolke wat teen geweldige hoë temperature en spoed (vinniger as dié van 'n vliegtuig) teen berghange afstort. *Dra daardie nasies op in gebed wat tans deur vulkaniese aktiwiteite geaffekteer word. Vra dat baie na die Here sal begin roep en hulle lewens aan Hom alleen sal oorgee.*

5. **Tsoenami's:** 'n Tsoenami is 'n golf wat ontstaan wanneer 'n waterliggaam soos 'n oseaan vinnig verplaas word. Aardbewings, beweging van massa bo of onder die water, vulkaniese uitbarstings en ander onderwater ontploffings, grondstortings, 'n groot meteoorinslag of komeetimpak asook kernwapentoetse ter see het almal die potensiaal om 'n tsoenami te ontketen. 'n Tsoenami verskil van 'n getygolf wat oor die algemeen 'n minder vernietigende uitwerking het. *Bid dat mense wyser sal wees oor hoe en waar hulle huise bou en herbou, veral in gebiede waar tsoenami's gereeld voorkom. Bid ook dat mense in sulke lande hulle harte na die Here sal draai en Hom sal vra vir die veiligheid van hulle mense wat in kusgebiede woon.*
6. **Oorstromings:** *Bid vir die mense wat gedurende die jaar deur oorstromings benadeel is; dat hulle in staat sal wees om hulle lewens vinnig te herbou. Vra ook dat die kerk wêreldwyd sal uitreik na sulke gemeenskappe en bid spesiaal dat die Here Sy Gees op hulle sal uitstort.*
7. **Veldbrande:** Algemene oorsake van veldbrande of bosbrande sluit in weerlig, menslike onverskilligheid, brandstigting, vulkaniese uitbarstings en pyroklastiese wolke van 'n aktiewe vulkaan. Vonke en stukkies brandende hout wat deur die wind gewaai word, kan geboue ver van die oorspronklike vuur self, aan die brand steek. *Bid dat mense waaksaam en verantwoordelik sal optree en nie brande sal veroorsaak nie. Vra vir die Here se genade vir gebiede waar brande uitbreek, dat die wind sal gaan lê en dat die vure maklik geblus sal word. Vra dat mense die Here sal aanroep om in te gryp en dat baie mense hulle lewens aan Hom sal oorgee.*
8. **Droogtes:** Konstante ondergemiddelde reënval kan vir jare aanhou en beduidende skade in die plaaslike ekonomie veroorsaak. *Bid vir streke wat geaffekteer word deur die sogenaamde 'El Nino'-verskynsel, veral in Sentraal-Afrika. Vra vir die Here se genade veral vir kinders wat aan wanvoeding ly en die dood tot gevolg kan hê. Vra dat Hy ook nuwe landboukundige metodes sal openbaar aan Christenboere in hierdie lande om te voorsien vir hulle in nood en op hierdie manier ook die evangelie versprei.*
9. **Sneeustortings:** Sneeustortings is een van die grootste gevare wat gedurende die winter in sneeuberge voorkom. As sneeu van 'n berghang begin afstort, sleur dit die sneeumassa op die berghang mee en die storting word al groter. *Bid vir dorpies om op die uitkyk te wees vir hierdie stortings, om mekaar betyds te waarsku en om te kan ontvlug. Vra ook dat Christene in sulke areas in gebed voor die Here sal staan vir die veiligheid van hulle streek.*
10. **Grondstorting:** Grondstortings kan veroorsaak word deur 'n aardbewing, vulkaniese uitbarsting of algemene onstabiliteit in die omliggende grondoppervlak. Modderstortings of moddervloede is spesiale gevalle van grondstortings waar swaar reën veroorsaak dat los grond op steil hellings begin insak en afwaarts begin stort. *Dra mense wat 'n geliefde verloor het as gevolg van 'n grondstorting hierdie jaar aan die Here op. Bid vir vertroosting asook finansiële voorsiening. Vra dat Christenwetenskaplikes guns by die Here sal verkry om wetenskaplike maniere te vind waardeur moontlike grondstortings vroeër raakgesien sal word. Bid vir gemeenskappe wat kwesbaar is vir grondstortings om voor die Here te staan vir die veiligheid van hulle streke.*

(Wetenskaplike inligting verkry uit *Wikipedia*-artikel: *Natural Disasters.* Gebedsversoeke en afleidings is dié van die skrywer).

HET JY GEWEET?

Fokus op ontwikkeling van vaardighede: Tronkarbeid

In die toekoms mag gevangenes gedwing word om handearbeid te verrig, mits die Minister van Korrektiewe Dienste, Nosiviwe Mapisa-Nqakula, haar sin kry! 'n Ondersoek gaan geloods word om vas te stel of die ou sisteem van arbeid vir gevangenes teruggebring kan word. Om die hele dag TV te kyk, verbeter nie die vaardighede en sosiale bewussyn van opgesluite kriminele nie. "Gevangenes moet verstaan en waardeer, soos almal van ons, dat dit belangrik is om in die oggend wakker te word en te werk. Hulle moet onder andere vir hulleself kook, sodat ons nie miljoene hoef te spandeer vir spyseniering nie", het sy gesê.
Webwerf: http://news.iafrica.com/sa/2322901.htm Dank die Here vir opmerkings soos dié vanuit die geledere van ons regering! Bid asseblief vir die spoedige implementering van hierdie voorstelle sodat gevangenes

toegerus en gevorm kan word om verantwoordelike lewens te lei solank as wat hulle in die gevangenis is. Bid vir Christenorganisasies om deel te word van hierdie projekte om so ook die evangelie na hulle te bring.

Het jy geweet?
Simbiti honger na die Woord in Tanzanië

Loof die Here vir hierdie verslag van Pastoor Waynse, 'n Simbiti Bybelvertaler: "Om die Simbiti-dorpe te bereik het ek 'n veerboot gebruik. Eenkeer toe ek by 'n dorpie aankom, was daar 'n groot groep mense bymekaar om na die lees van die Woord te luister. Toe ons 'n pouse het vir oggendtee, wou hulle dadelik hulle eie Bybel hê. Die Skrifgedeeltes verkoop teen 400 sjielings. Die koste van die oggendtee was ook 400 sjielings. Almal het verkies om die Skrifgedeeltes te koop in plaas van om kos te koop. Dit is hoe sterk hulle honger vir die Woord van die Here is."
Wycliffe Prayer Focus Bulletin. Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org

Gebedsverhaal: Jeug met 'n Sending (YWAM)

Jeug met 'n Sending (Youth with a Mission - YWAM) vier 50 jaar van God se guns
"Skielik het ek na 'n wêreldkaart gekyk. Net, dié kaart was lewendig, dit het beweeg! Ek het regop gesit en my oë gevryf. Dit was soos 'n rolprent wat in my kop afspeel. Ek kon al die kontinente sien. Golwe het teen die kuste geslaan. Elke golf het oor 'n kontinent geslaan, dan teruggetrek, dan het dit verder ingeslaan totdat die hele kontinent heeltemal bedek was. Ek het na my asem gesnak. Terwyl ek gekyk het, het die beeld verander. Die golwe het in jongmense verander - kinders van my ouderdom en selfs jonger – het die kontinente oordek. Hulle was besig om met mense op straathoeke te praat en voor kroeë. Hulle het van huis tot huis gegaan. Hulle het gepreek. Orals het hulle na mense omgesien..." Dit is die verhaal wat nog steeds so vars in die hart en gedagtes van *YWAM* se leier en stigter, Loren Cunningham, brand as op daardie dag in 1956 toe die Here dit vir hom gewys het. YWAM is in uiteindelik in 1960 gestig en hierdie jaar vier ons sy 50e verjaarsdag en eer die Here vir duisende siele wat by Sy Koninkryk gevoeg is, duisende gebede wat beantwoord is, lewens wat herstel is sowel as tekens en wonderwerke wat te veel is om neer te skryf.

Die 1970's: Twee hotelle, 'n skeepswrak en 'n visie
Van Desember 1969 tot in die somer van 1970 het *YWAM* sy eerste skool gehou, die *School of Evangelism,* met 'n totaal van 36 studente. Die studente se verblyf en klasse was in 'n gehuurde gerestoureerde hotel in Lausanne, Switserland. Teen die einde van daardie jaar het hulle die hotel gekoop. Later daardie dekade is 'n skool begin wat sou fokus op Bybelse waarheid en karakterontwikkeling sowel as op sending. Die skool, die *Discipleship Training School (DTS)* het uitreikgeleenthede vir die skool geskep. Hierdie formaat: drie maande van lesings gevolg deur twee of drie maande van uitreik word vandag nog in die meeste *Discipleship Training Schools* toegepas. Daarna het Loren weer 'n visie gehad. Hy het 'n visie vir 'n skip vir die bediening gehad wat in hawestede rondom die wêreld kon werk. Harde lesse vir die groeiende *YWAM*-familie is hieruit geleer om nooit die werktuie vir die Here se werk bokant die Here Self te stel nie. Dit het 10 volle jare geneem voordat die Anastasis as die eerste van 'n vloot van *YWAM Mercy* skepe te water gelaat is.

YWAM is vandag 'n internasionale beweging van Christenvrywilligers uit baie agtergronde, kulture en Christentradisies, toegewy daaraan om Jesus dwarsdeur die wêreld te dien met 'n eenvoudige doelwit: Om die Here te ken en om Hom bekend te maak aan ander. *YWAM* het 'n gesentraliseerde struktuur wat nuwe visie en die ontginning van nuwe maniere aanmoedig om lewens te verander deur opleiding, die boodskap van die evangelie uit te dra en om mense in nood te versorg. Hulle werk op die oomblik in meer as 1 000 plekke in meer as 150 lande met 'n personeel van byna 16 000. Kom ons dank die Here wat baie meer gedoen het as wat ooit gebid of gedink kon word deur die gehoorsaamheid van duisende mense die afgelope 50 jaar.

YWAM het vandag groot sentra op elke kontinent behalwe op Antarktika! 'n Groot getal van hulle werkers kom uit Brasilië en Suid-Korea. In die volgende paar jaar verwag *YWAM*-leiers 'n ontploffing van sendelinge vanaf

China na ander dele van die wêreld. Mag hierdie Chinese *YWAMers* saam met hulle medewerkers getuies wees van ongekende groei in beide getalle en vervolging - as die profetiese woord aan die sending se leierskap goed gefundeer is. Hierdie dubbele golf van vrugbaarheid en ontbering vereis 'n volgehoue behoefte in hierdie sendingbeweging om aanpasbaar, kreatief en gewillig te wees om na plekke te gaan en dinge te doen waarvoor min ander kans sien.

As jy voel dat die Here met jou praat, is daar 'n geleentheid vir jou om betrokke te raak. *YWAM* bied 'n opwindende reeks kort- en langtermyn geleenthede, of jy nou op 'n sendingreis wil gaan of met 'n lewenslange sendingloopbaan wil begin, dalk sou jou seun of dogter 'n 6 maande dissipelskapkursus geniet of 'n BA-graad deur *YWAM* se universiteit wil verkry. Vir meer inligting kontak Miranda by *YWAM* SA, Posbus 330, Muizenberg, 7950. Tel.: 021 788 73 45. Webwerf: www.ywam.org of e-pos: ywamafricom@gmail.com of webjoernaal: http://commsteamafrica.blogspot.com/

FOKUS OP 16 DAE VAN AKTIVISME TEEN GESINS-GEWELD: 25 NOV - 10 DES 2010

Om in staat te wees om effektief oor hierdie sake te bid, moet ons verstaan wat mishandeling en geweld op praktiese leefvlak werklik is. Emosionele mishandeling is bv. 'n onsigbare vorm van mishandeling wat verbale en geestelike mishandeling insluit. Mense onderskat die belangrikheid van emosies. By diepgewonde mense kan emosies die dryfkrag wees agter belangrike keuses. Emosionele mishandeling raak die kern van ons menswees aan, vernietig ons selfvertroue en verbrokkel ons sin vir waardes (**Spr. 17:22**). Wil jy nie by ons aansluit in gebed om in elke invloedsfeer wat die Here vir jou gegee het ander te mobiliseer om te bid vir ons manne, vroue en kinders wat verantwoordelik is vir verskillende vorme van mishandeling of self slagoffers daarvan is nie? Bid vir hulle genesing, herstel en radikale bekering en dat hulle hulle lewens aan Jesus Christus sal oorgee. (Gedeeltes van die notas wat in hierdie gebedsversoeke gebruik word, is geneem en aangepas uit: *Biblical Counselling Keys* deur *June Hunt).*

Kinders wat bid: Oorwinnende gebed

Wat is die groot bohaai oor gebed? As grootmense in gebed glo, waarom is hulle dan so bekommerd? Kan ek dan die Here vertrou om my gebede te antwoord? Hoe moet ek met die Here praat? Hoe dikwels moet ek bid om 'n goeie gebedslewe te hê? Hierdie is alles vrae wat ons gaan probeer beantwoord terwyl ons jou aanmoedig om gedurende hierdie maand te bid.

MAANDAG: Wat is gebed? Gebed is om met die Here te praat en te luister as Hy met ons praat. As jy bv. jou Bybel lees, is dit die Here se 'terugpraat' met jou om jou te help en leer. Ons praat dikwels met ons vriende en met ons familie en hulle praat met ons terug. Die Here is ons Vriend en hemelse Vader. Hy wil met ons praat. *Hemelse Vader, ek het U lief en ek wil graag meer met U praat. Herinner my om dwarsdeur die dag met U te praat, U Woord te lees en ook te luister en te hoor hoe U met my praat. In Jesus se Naam. Amen.*

DINSDAG: Waarom moet ons bid? Daar is baie redes hoekom ons moet bid: Om vir die Here dankie te sê en Hom te prys, om ons sondes te erken en vergifnis te vra, om Hom te vra om ons te help met ons probleme, om Hom te vra om ander mense te help en om net met ons Vader te praat. *Hemelse Vader, dankie vir my lewe en dat ek vir U alles kan vertel wat in my lewe gebeur. Help my om te onthou dat ek met U oor my probleme kan praat tótdat U my help, sodat ander ook kan leer dat U regtig bestaan. In Jesus se Naam. Amen.*

WOENSDAG: Hoe moet ons bid? Jy kan jou oë toemaak, jou kop buig, kniel of jou hande vou om te bid. Hierdie liggaamshouding toon respek. Maar jy kan ook bid terwyl jy skool toe loop, in die bus of taxi ry of as jy in die middel van die nag wakker word en bang is. Onthou altyd om in Jesus se Naam te bid, want Jesus het vir ons gesê om in Sy Naam te bid, omdat ons deur Sy kruis en Sy bloed toegang tot die troon van God het (**Joh. 16:23b**). *Here Jesus, leer my hoe U wil hê ek met U moet praat. Help my om te onthou dat ek op enige tyd en plek met U kan praat en dat U nooit ver is nie. In Jesus se Naam. Amen.*

DONDERDAG: Wanneer moet ek bid? Manne en vroue in die Bybel het vir ons geleer dat ons enige tyd kan bid. In 1 Tessalonisense 5:17 lees ons dat ons "gedurig moet bid." Daar is nooit 'n slegte tyd om te bid nie.

Hemelse Vader, dankie dat U altyd wakker is en na my gebede luister, dat U nooit moeg word nie en altyd beskikbaar is om my dag en nag te help. Herinner my om gedurig te bid. In Jesus se Naam. Amen.

VRYDAG: Waar moet ek bid? Jy kan enige plek bid. Die Bybel sê dat die Here orals is. Jy kan in enige situasie of plek wees of enige probleem hê en wanneer jy bid sal Hy hoor en jou gebede beantwoord soos Hy die beste weet. *Dankie Hemelse Vader, dat U met my is selfs as ek bang is of wanneer 'n slegte ding met my gebeur. Dankie dat ek altyd, dag en nag, tot U kan roep. Ek plaas my vertroue in U alleen. In Jesus se Naam. Amen.*